Weeklikse graanmarkverslag

Bemarking- en Agribesigheidsafdeling **www.elsenburg.com**

19 Augustus 2011[1]

Carine van Zyl
Tel. (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 19 Augustus 2011 vir koring lewering in Augustus was R3198 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (19/08/2011) R/mt					Week eindig R/mt (12/08/2011)	Vergelykende verhandelings-dag R/mt (20/08/2010)	% Ver-andering
Kommoditeit	Aug-11	Sep-11	Des-11	Mar-12	Jul-12	Aug-11	Aug-10	Aug-10 tot Aug-11
Koring	3198	3215	2881	2921	-	3150	2723	17%
Geelmielies	2092	2098	2151	2156	1839	2089	1295	62%
Witmielies	2065	2068	2124	2148	1835	2069	1219	69%
Sonneblom	3915	3935	4060	-	-	3940	3948	**-0.8%**
Sojabone	3470	3495	3550	3558	3555	3420	3140	11%

Bron: SAFEX, 2011

Na aanleiding van die ongewone nat toestande in die somerreënvalgebied en gevolglik die vertraging in die mielie-oesproses het Graan SA die ongeoeste area deur SIQ laat bepaal; SIQ doen normaalweg die oesskatting vir die Departement van Landbou. Die bepaling van die ongeoeste area het die week, 14 -16 Augustus plaasgevind en SIQ bevestig dat 16.3% van die totale oppervlakte in Noordwes-Vrystaat en dele van Noordwes Provinsie nog nie geoes is nie. Daar is tekens van oesmasjinerie wat in die lande vasgeval het, die oes wat met die hand afgehaal is en lae opbrengspotensiaal in dele (Graan SA, 2011).

Mielieuitvoere en die moontlikheid dat die mielieoes oorskat is bied ondersteuning aan die plaaslike prys. Die geelmielieprys het die week bo die van witmielies verhandel, dus sal meer witmielies in veevoer gebruik moet word om 'n geelmielie-tekort aan die einde van die seisoen te voorkom.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

Die Wes-Kaap se verwagte reën het uitgeskuif na die naweek en volgende week ter ondersteuning van die koringaanplantings. Die swakker Rand veroorsaak dat die invoere duurder raak. Die invoerpariteit van VSA '*Hard Red*' winterkoring is R3020 per ton teenoor die Duitse koring wat teen R2820 per ton is (*Senwes*, 2011), hoewel invoerpariteit nader aan die plaaslike prys beweeg is die plaaslike prys nog bo die invoerpartiteit. Die plaaslike prys het die afgelope week met R48 per ton gestyg; die prys is 17% hoër as die prys op die vergelykende verhandelingsdag in 2010.



2. EKONOMIE & ENERGIE

Dinge raak ingewikkeld sodra die ekonomie teleurstellende seine uitstuur, soos 'n stadiger ekonomiese groeikoerse in sleutel ekonomieë (VSA & Europese Unie). Die BBP (Bruto Binnelandse Produk) in die EU en die VSA het minimaal gegroei gedurende die tweede kwartaal vanjaar. Die EU se stadige groeikoers word toegeskryf aan die teleurstellende koers in Duitsland. Die ekonomiese vertraging is 'n werklikheid en die breekpunt is naby vir 'n 'opvolg' resessie (*FNB*, 2011). Die nuus sal verder ook die prys van Brent ru-olie laat daal (*Trading NRG*, 2011).



Volgens die vroeë projeksies van die Sentrale Energie Fonds sal die plaaslike brandstofprys in September daal; petrol met 2 sent per liter en diesel met 5 sent per liter (Graan SA, 2011).

Die wisselkoers-grafiek toon die beweging van die Rand teenoor die VSA Dollar, die Britse Pond en die Euro vanaf 1 Augustus tot 19 Augustus 2011. Rand het onderskeidelik met 8.25%, 8.67% en 6.72% teenoor die Dollar, die Pond en die Euro verswak. Die geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 19 Augustus 2011 waarteen die Rand teenoor die VSA-Dollar verhandel het, was R7.23 (Reserwe Bank, 2011).

3. INTERNASIONALE SITUASIE

Die kommer oor die Eurozone en die VSA skuldvlakke het kommoditeitsmarkte, veral mielies die week beïnvloed. Die Dollar het die week goed gehou, soos beleggers terug gekeer het tot die gunsteling '*safe haven*' en het die kompeterendheid van Dollar-oorheersende uitvoere in die proses laat daal.

3.1. VSA

Die VSA se mielie- en sojaboontoestand het na verwagting die week konstant gebly a.g.v die reën en koeler weer in die '*US Midwest*'; 60% van die mielies is in 'n '*goeie*' of '*baie goeie*' toestand volgens die USDA (sien die onderstaande grafiek).

Al meer produsente gee terugvoer oor die swak bestuiwing en '*ear tipping*' na aanleiding van van die hitte die vorige maand. Daar word verwag dat die opbrengs kan daal tot onder die USDA se Augustus skatting (153.0bu/acre), tot so laag as 145 bushels per acre (*Agrimoney*, 2011).

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**





Die grafiek toon die mielieopbrengs-projeksie soos deur ander markanaliste gesien.

Die USDA se weeklikse gewas-vorderingsverslag toon dat 66% van die lentekoring in 'n '*goeie*' of '*baie goeie*' toestand is, onverandered van die vorige week, maar dit staan teenoor die vorige jaar toe 82% in 'n '*goeie*' of '*baie goeie*' toestand was. 13% van die koringoes is reeds ingevorder, diè syfer vertoon nie te goed teenoor die 5-jaar oesgemiddeld van 39% op die datum nie. Chicago koring het die week op 'n 2–maande hoogtepunt verhandel (*Reuters*, 2011) a.g.v die VSA se lentekoringopbrengs en die verwagting dat die winterkoring aanplantings vanjaar laat sal geskiet, maar die styging in die mark kan net vir 'n bepaalde tydperk onderhou word. Die prys styging sal dus binnekort gestuit word, moontlik sodra die opbrengs bevestig word. Volgens *Benson Quinn Commodities sal* die droogte die oorsaak wees as aanplantings eers laat in herfs begin (*Agrimoney*, 2011).

Die week se uitvoerverwagting vir koring was tussen 550 000 en 650 000 ton (376 000 ton die vorige week) en tussen 700 000 en 900 000 ton vir mielies (753 000 ton die vorige week). Die weeklikse mielieuitvoersyfers het egter teleurgestel; slegs 243 500 ton van die ou oes en 280 300 ton van die nuwe oes mielies is verkoop en daar is 548 800 ton koring die week uitgevoer. Egipte het weereens VSA koring vermy, ten gunste van koring uit Rusland en Roemenië.

Die druk op die lae mielievoorraadvlakke in die VSA kan selfs nog hoër raak, *Standard Chartered* is van mening dit die gevolg is van die potensiële vraag van etanolaanlegte en omdat die buitelandse vraag onderskat word deur die USDA (*Agrimoney*, 2011).

3.2. AUSTALIë

'n Tekort aan reën in die oostelike dele van Australië veroorsaak dat die hoop op 'n goeie oes al skraler raak. Sommige produsente gee reeds hul koring en kanola lande op vir weiding omdat die stand te swak is. Die USDA se skatting toon dat Australië 25 miljoen ton sal oes, maar volgens plaaslike analiste is diè skatting te hoog, die *Commonwealth Bank of Australia* het reeds hul produksieskatting afwaarts aangepas (*Agrimoney*, 2011).

3.3. EUROPA

50% van die Verenigde Koninkryke se winterkoring is reeds geoes, die oesproses is in lyn met die langtermyn gemiddelde vordering. Die opbrengs op die vlak gronde is so laag as 2 ton per hektaar, maar in die swaarder en dieper gronde is die opbrengs tot 11 ton per hektaar (*Agrimoney*, 2011). Die nasionale gemiddeld is tussen 7.3 en 7.7 ton per hektaar. Die kwaliteit van die koring tot dusver geoes, is goed.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

Reuters berig dat die EU die week uitvoerlisensies vir 'n verdere 233 000 ton koring goedgekeur het; in totaal is daar reeds in die 2011-12 seisoen 1.5 miljoen ton graan uitgevoer in vergelyking met 1.8 miljoen ton in die 2010-11 seisoen.

3.4. OEKRAÏENE

Oekraïene het die week aangekondig dat 70% van die koringoes reeds afgehaal is; 70% maalkoring (60% die vorige maand se skatting) en 30% voergraadkoring (*Reuters*, 2011). Diè aankondiging deur die regering is in teenstelling met ander analiste wat reken dat die afgelope ruk se reën 'n invloed op die kwalitiet van die koring sal hê. *HlibInvestbud* en *UkrAgroConsult* voorsien dat slegs 40-45% van die oes, hoë kwaliteit maalkoring sal wees.

Oekraïene se graanuitvoere vir Augustus sal waarskynlik 1.2 miljoen ton oorsky, teenoor 1.3 miljoen ton graanuitvoere in Augustus 2010. Die regering verwag dat daar die seisoen tussen 21-23 miljoen ton uitgevoer sal word. Die totale graanuitvoersyfer vir 2010 was 12.7 miljoen a.g.v die droogtetoestande wat geheers het (*Agrimoney*, 2011).

3.5. SUID-AMERIKA

Graan- en oliesaadproduksie in Suid-Amerika kan moontlik in gevaar wees a.g.v die *La Nina* weerverskynsel volgens *Oil World*; dit veroorsaak dat beperkte reën in dele van Brasilië en Argentinië sal voorkom (*Bloomberg*, 2011). Droë toestande sedert April is uiters nadelig vir graanproduksie, maar die verskynsel kan reën nader aan Desember bring wanneer dit ongelukkig te laat kan wees.

"*At the moment, sea-surface temperatures are near normal across the equatorial Pacific Ocean, but there are indications that anomalies are developing, creating La Nina conditions and probably reducing rainfall in some important oilseed- and grain- growing areas of South America,*" volgens *Oil World*.

Na aanleiding van die USDA toon die internasionale mielie- en sojaboon-voorraadvlakke steeds 'n daling, maar a.g.v China se stygende vraag na sojabone en mielies bied dit ondersteuning aan die pryse. Die situasie plaas egter meer druk op Brasilië en Argentinië om 'op te maak' vir die verlies in die VSA-produksie. Daar word ook verwag dat Argentinië se sojaolie-uitvoere in Augustus sal verhoog en moontlik 'n rekordvlak van 600 000 ton kan bereik, teenoor die 360 000 ton wat in Julie uitgevoer is *(Agrimoney,* 2011). Die styging kan toegeskryf word aan die einde van die staking in die Argentynse hawens asook die sterk vraag na die produk.

Volgens *Reuters* het Argentinië se skatting vir die produksiearea van koring (2011-12), verklein tot 4.5 miljoen hektaar vanaf 4.7 miljoen hektaar die vorige maand. Die koringarea is egter 2.9% groter as die area in 2010-11, toe dit 14.7 miljoen ton koring opgelewer het.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**